NAMIBIESE SAALPERD VERENIGING
GRONDWET

KLOUSULE 1: NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID

1.1 Die naam van die Vereniging is die Namibiese Saalperd Vereniging.

1.2 Die Vereniging is ‘n selfstandige Vereniging, beklee met regspersoonlikheid, wat regshandelinge in eie naam aangaan en regsgedinge kan instel en verdedig.

KLOUSULE 2: WOORDBEPALING

2.1 Die volgende woorde, afkortings en beskrywings het die betekenisse soos hieronder blyk, tensy uitdruklik anders bepaal in die Klousules van hierdie Grondwet:

NSV	-	Namibiese Saalperd Vereniging
Vereniging	-	NSV
NSN	-	Nasionale Sportraad van Namibië
AJV	-	Algemene Jaarvergadering Uitvoerende Komitee
UK	-	Uitvoerende Komitee
Grondwet	-	Die Grondwet van die Namibise Saalperd Vereniging
Huishoudelike Reëls	-	Die Huishoudelike Reëls en reglemente van die Namibiese Saalperd Vereniging.
Lede	-	Lede wie se jaarliks ledegeld vol betaal is.
Junior Lede	-	Kinders onder 18 jaar wie se ledegeld vol betaal is.
Streke	-	Streke van die NSV sluit in noordelike, suidelike en Sentraalstreek van Namibië.

2.2 ‘n Verwysing na die manlike geslag in hierdie Grondwet sluit ook die vroulike geslag in, en andersom.

KLOUSULE 3: HOOFKANTOOR

Die Hoofkantoor van die NSV sal in Windhoek gesetel wees.

KLOUSULE 4: DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Verenigingis:

4.1 Om die enigste verteenwoordigende liggam van Saalperdsport in Namibië te wees.

4.2 Om Saalperd-ruiter en Saalperd-rykuns en al sy vertakkings in Namibië onder beskerming van die NSV te bevoder en uit te bou.

4.3 Om die ontwikkeling en afrigting van die Saalperdsport in Namibië te bevoder en uit te bou.

4.4 Om fondse in te samel, te beheer en aan te wend ten behoewe van:

4.4.1 Die belangrikste Saalperd-ruiter en Saalperd-rykuns behoeftes op ’n gegewe tydstip;

4.4.2 Die hou van byeenkomste op Streek, Nationale, Internationale vlakke; en

4.4.3 Die aanbeiding van kursesse vir die afrigting van Saalperde èn / óf in die ruiter- en rykuns van Saalperde

4.5 Om die samestelling en die organisasie van die Vereniging sodanig te reel of te verander dat dit die belange van die Saalperd, afrigting in die ruiter- en rykuns die beste dien.

4.6 Om byeenkomste op Streek-, Nasionale- en Intemasionale vlak aan te bied.

4.7 Om die beste Saalperde, ruiters in die ruiter- en rykuns te kies en / of spanne saam te stel om op Nasionale en Internasionale vlak mee te ding.

4.8 Om ‘n aanbeveling aan die NSN te doen vir die toekenning van Nasionale Kleure aan sodanige ruiters.

KLOUSULE 5: LIDMAATSKAP

5.1 Lidmaatskap van die NSV word toegeken deur die UK op skriftelike aansoek deur n voornemende lid wat aan die vereistes van die NSV voldoen soos uiteengesit in Klousule 5.3 hiervan, weike aansoek die UK voorwaardelik of onvoorwaardelik kan aanvaar of weier, sonder enige verpligting om redes vir die weiering daarvan te verskaf.

5.2 Lidmaatskap van die NSV is oop vir enige persoon ongeag ras, kleur, geloof of ouderdom met dien verstande dat kinders onder 18 jaar, op aansoek deur ’n ouer of voog, as junior lede toegelaat word.
AJV besluit 2004 - Junior lede het nie stemreg nie.

5.3 Slegs Namibiese burgers of persone wat ooreenkomstig die bepalings van die toepaslike immigrasie oor n tydelike en/of permanente Namibiese verblyfpermit beskik en met vooruitbetaling van die toepaslike jaarlikse ledegeld, mag toegelaat word as lede van die NSV.

5.4 Lidmaatskap word beeindig in die volgende omstandighede:

5.4.1 Die skriftelike bedanking van n Lid.
5.4.2 Deur n skuldig bevinding aan wangedrag deur die UK.

5.5 Wangedrag sluit onder andere die volgende in:

5.5.1 Indien die Grondwet Of enige reel van die Vereniging oortree word, of na die oordeel van die Uitvoerende Komitee op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Vereniging opgetree word.

5.5.2 Indien deur die optrede, of gebrek daaraan die Vereniging in verleentheid gebring is of .die lid skuldig was aan wangedrag teen van die doelstellings van die Vereniging.

5.5.3 Indien sodanige lid met opset of vir persoonlike gewin of voordeel, foutiewe inligting aan die Vereniging of enige van sy ampsdraers of amptenare verstrek of enige foutiewe inligting by enige amptelike byeenkoms of deelname verstrek.

5.6 Beeindiging van lidmaatskap deur die UK in die omstandighede soos hierbo uiteengesit, geskied slegs na n behoorlike ondersoek deur die UK uit eie beweging, of op grond van n skriftelike klagte ingedien by die UK teen sodanige lid en na n behoorlike verhoor deur die UK, of n dissiplinere komitee aangewys in terme van die Huishoudelike Reels deur die UK, waartydens sodanige lid die geleentheid gegun word om op klagte te antwoord, hetsy skriftelik of mondelings; met dien verstande dat die UK die reg het om lidmaatskap van ’n lid voorwaardelik op te skort en / of deelname van sodanige lid aan h bepaalde byeenkoms en / of n aantal byeenkomste op te skort en / of vir n bepaalde tydperk op te skort, hangende die uitslag van ‘n ondersoek en / of ‘n verhoor van daardie lid.

5.7 ’n Lid wie se ledegeld nie vol opbetaal is binne een maand na aanvaarding van lidmaatskap of n nuwe jaar nie, verbeur alle voorregte insluitende stemreg op die AJV sowel as deelname in enige byeenkoms wat onder beskerming van die NSV aangebied word met dien verstande dat h lid wie se ledegeld nie vol opbetaal is binne ses maande vanaf sodanige datums nie, outomaties sy lidmaatskap verbeur en de nouo moet aansoek doen vir lidmaatskap.

5.8 Die verwysing na n jaar of n nuwe jaar vir doeleindes van die betaling van lidmaatskapgelde neem in aanvang op I April.

5.9 AJV besluit 2004 - Deelnemers van buite Namibie mag met skriftelike goedkeuring van die UK aan byeenkomste in Namibie deelneem.

5.10 AJV besluit 2004 - NSV lidmaatskap is nie n vereiste vir vertoners in teelklasse en in leiriem klasse nie.

KLOUSULE 6: ORGANISASIESTRUKTUUR

Die NSV bestaan uit die volgende:

6.1 Die Algemene Vergadering.

6.2 Uitvoerende Komitee.

6.3 Lede van die Vereniging.

KLOUSULE 7: ALGEMENE JAARVERGADERIN6

7.1 Die Algemene Vergadering is die hoogste gesag van die NSV en vergader een keer per jaar tydens, (AJV besluit 2004) die Namibiese Kampioenskappe waar dit ookal aangebied word.

7.2 AJV besluit 2004 - Indien n Nasionale Kampioenskappe nie aangebied word nie, sal die UK h tyd en piek bepaal.

7.3 Die agendas van die AJV bestaan uit die volgende items:

7.3.1 Verwelkoming, personalia.
7.3.2 Konstituering.
7.3.3 Bespreking en aanvaarding van die notule van die vorige AJV.
7.3.4 Sake voortspruitend uit die vorige AJV.
7.3.5 Oorweging en aanvaarding van die verslag van die President.
7.3.6 Oorweging en aanvaarding van verslae van ander komitees soos byvoorbeeld die Uitvoerende Komitee, Finansiele Komitee, ensovoorts.
7.3.7 Oorweging en aanvaarding van die geouditeerde finansiele state van die NSV.
7.3.8 Verkiesing van ampsdraers vir die volgende jaar en van lewenslange lede.
7.3.9 Verkiesing van n ouditeur.
7.3.10 Vasstelling van jaarlikse ledegelde.
7.3.11 Bespreking en aanvaarding van voorstelle en /of mosies waarvan behoorlik vooraf kennis gegee is.

KLOUSULE 8: KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING EN BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS

8.1 Lede van die NSV moet deur die Sekretaris minstens 45 dae voor die datum van die AJV skriftelik in kennis eestel word van die pipk pn tvd van die AJV en wat lede terselftertyd uitnooi om voorstelle en mosies vir die AJV in te dien.

8.2 Alle kennisgewings voorstelle of mosies wat op die AJV moet dien, moet die Sekretaris skriftelik en nie later as 30 dae voor die Vergadering bereik nie.

8.3 Die Sekretaris moet die agenda van die AJV tesame met sodanige mosies en voorstelle wat betyds ingedien is, asook die ge-ouditeerde state van die Vereniging aan lede stuur nie later as 14 dae voor die AJV nie.

8.4 Geen besprekings sal toegelaat word, of geen besluit kan geneem word oor sake wat nie op die agenda verskyn wat aan lede gesirkuleer is nie.

8.5 'n Buitengewone Algemene Vergadering van die NSV mag bele word vir bespreking en aanvaarding van spesifieke voorstelle en / of mosies in die volgende omstandighede:

8.5.1 Op versoek van die Uitvoerende Komitee.
8.5.2 Op skriftelike versoek onderteken deur minstens tien lede waarin die redes vir die Buitengewone Algemene Vergadering vermeld word.
8.5.3 Sodanige Buitengewone Vergadering word bele binne 21 dae na ontvangs van sodanige versoek en skriftelike kennis word deur die Sekretaris van sodanige Algemene Buitengewone Vergadering tesame met die agenda gegee aan pike lid ten minste 14 dae voor die datum van die Buitengewone Vergadering.

KLOUSULE 9: VERTEENWOORDIGING EN STEMREG OP ALGEMENE VERGADERINGS

9.1 Die Sekretaris sal voor die aanvang van die Vergadering n lys opstel van al die stemgeregtigde lede op die Vergadering wat sal insluit lede wat teenwoordig is sowel as lede wat in terme van n volmag namens ander lede mag stem.

9.2 Indien n lid nie op die AJV teenwoordig kan wees nie, kan so n lid ‘n skriftelike volmag aan n ander lid verskaf wie namens horn mag stem met dien verstande dat sodanige volmag die Sekretaris minstens 24 uur voor die aanvang van die Vergadering bereik en die naam van die lid, wie namens horn mag stem, vermeld.

KLOUSULE 10: KWORUM EN PROSEDURE OP ALGEMENE VERGADERINGS

10.1 Die kworum op algemene vergaderings sal bestaan uit die helfte plus een van alle ingeskrewe en volopbetaalde lede.

10.2 Indien binne 30 minute na die bepaalde tyd van n AJV nie genoegsame lede teenwoordig is om n kworum te vorm nie, word die Vergadering verdaag vir 3 ure, wanneer sodanige vergadering op dieselfde piek plaasvind. Indien, binne 30 minute na sodanige tyd, weer nie h kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige lede ‘n kworum en gaan die vergadering voort.

10.3 Indien n kworum nie teenwoordig is binne 30 minute na die bepaalde |tyd van n Buitengewone Algemene Vergadering nie, verval sodanige vergadering.

10.4 Die President of in sy afwesigheid, die Vise-President van die NSV, tree op as voorsitter van Algemene Vergaderings met dien verstande dat as die President of Vise-President nie teenwoordig is nie, die stemgeregtigdes wat teenwoordig is, n Voorsitter uit hulle geledere sal kies.

10.5 Alle sake wat deel van die agenda vorm, word beslis deur ‘n meerderheid van stemme van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, met insluiting van lede wat by wyse van volmag geregtig is om te stem, met die uitsondering van wysigings van die Grondwet.

10.6 Enige voorstel en / of mosie wat n wysiging van die Grondwet behels, kan slegs deur n twee derde meerderheid van alle stemgeregtigde lede met insluiting van lede wat by wyse van volmag geregtig is om te stem, aanvaar word.

10.7 EIke lid het een stem en in die geval van n staking van stemme, het die Voorsitter van die vergadering n beslissende stem naas sy eie stem.

10.8 Benewens die verkiesing van ampsdraers, eeskied stemming by alle Algemene Vergaderings by wyse van die opsteek van hande, tensy anders versoek deur n stemgeregtigde lid, of gereel deur die Voorsitter van die vergadering, in weike geval stemming by wyse van ‘n stembriefie sal geskied.

KLOUSULE 11: VERKIESING VAN AMPSDRAERS

11.1 Die volgende ampsdraers word jaarliks verkies naamlik: Die President, Vise-President, Sekretaris en Penningmeester.

11.2 Dienende ampsdraers is in hulle bestaande posisies herkiesbaar en bly aan in hulle onderskeie posisies tot aan die einde van die AJV.

KLOUSULE 12: DIE UITVOERENDE KOMITEE

12.1 Die uitvoerende Komitee bestaan uit die ampsdraers verkies op die Algemene Jaarvergadering van die NSV asook die drie Voorsitters van die drie streke, wat deur die onderskeie streke self aangewys word.

12.2 Die Uitvoerende Komitee vergader so dikwels as nodig om alle sake binne hulle magte en soos spesifiek opgedra deur Algemene Vergaderings, uit te voer en te behartig.

12.3 Skriftelike kennisgewing van Uitvoerende Komitee Vergaderings word deur die Sekretaris gegee minstens 14 dae voor eike UK vergadering met dien verstande dat die President geregtig is om UK Vergaderings op korter kennisgewing in dringende omstandighede te reel.

12.4 Vier lede vorm n kworum en besluite word geneem volgens meerderheidsstem met n beslissende stem vir die Voorsitter benewens sy eie stem.

12.5 Die President tree op as Voorsitter van die UK en in sy afwesigheid die Vise-President met dien verstande dat indien beide afwesig is, die UK uit eie geledere n Voorsitter sal aanwys.

12.6 Minstens drie lede van die Uk is geregtig om n spesiale vergadering van die UK te versoek, weike vergadering dan deur die Sekretaris bele word met kennisgewing van ten minste drie dae aan lede van die UK.

12.7 Die Uk is geregtig om subkomitees aan te wys om horn behulpsaam te wees in sy werksaamhede weike komitees aan die Uitvoerende Komitee terugrapporteer wie dan n finale besluit oor sodanige aangeleentheid of aangeleenthede sal neem.

KLOUSULE 13: MAGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

13.1 Om n persoon aan te stel om sekere werk te verrio en te vergoed na goeddunke.

13.2 Om Huishoudelike Reels op te slel vir die uitoefening van goeie beheer oor die sake van die Vereniging, sy ampsdraers en lede, mits hierdie bepalings nie bots of strydig met die Grondwet is nie.

13.14 Om verder enigiets te doen wat in die belang van die Vereniging blyk te wees, sowel as om sy doelstellings te bevorder.

13.15 Indien n lid skuldig bevind word aan enige oortreding en afhangende van die ernstigheid van die bepaalde oortreding, besit die Uitvoerende Komitee die reg om die volgende strawwe op te le:

13.15.1 Sodanige lid se lidmaatskap summier te beeindig.

13.15.2 Sodanige lid se deelname vir n bepaalde byeenkoms of aantal byeenkomste en / of vir ’n bepaalde tydperk op te skort.

13.15.3 Sodanige lid met n boete wat nie N$500.00 (Vyf honderd Namibiese Dollars) mag oorskry nie, te beboet.

13.16 Om aansoek te doen vir lidmaatskap tot die toepaslike Intemasionale beheerliggaam van Saalperde en om jaarlikse ledegeld aan sodanige liggaam te betaal asook verteenwoordigers aan te wys om die NSV op Vergaderings van sodanige liggaam te verteenwoordig.

13.17 Om die toevallige vakatures op die Uitvoerende Komitee te vul vir die onverstreke gedeelte van die dienstyd van die persoon wat sy amp ontruim het.

KLOUSULE 14: DIE SEKRETARIS

Die magte en pligte van die Sekretaris word van tyd tot tyd deur die UK bepaal, maar sluit spesifiek in die administrasie van die sake van die NSV, die kennisgewing van Vergaderings, die hou en opstel van notules van Algemene Vergaderings en UK Vergaderings, die byhou van ‘n naam- en adreslys van alle lede, en sodanige pligte as wat die UK en / of die President mag goedvind om aan die Sekretaris op te dra.

KLOUSULE 15: DIE PENNINGMEFSTFR

15.1 Die Penningmeester is verantwoordelik vir die finansiele bestuur van die NSV en vir sodanige magte en pligte as wat van tyd tot tyd deur die UK aan hom/haar opgedra word.

15.2 In die algemeen is dit die plig van die Penningmeester om toe te sien dat behoorlik boekgehou word van alle inkomstes en uitgawes van die Vereniging, alle besittings en bates van die Vereniging en alle aankope en verkope deur die Vereniging, sowel as die ontvangs en bank van gelde, ontvang deur en betaling van rekeninge van die Vereniging.

15.3 Die Penningmeester is verplig om n behoorlike erkende boekhoustelsel te gebruik en die boeke van die Vereniging te hou op n piek soos goedgekeur deur die UK wat te alle tye beskikbaar moet wees vir inspeksie deur die President en / of die UK.

15.4 Die Penningmeester moet toesien dat die boeke en state van die NSV jaarliks geoudit word en dat dit betyds oorhandig word aan die ouditeure van die NSV sodat die state gereed is vir oorweging en aanvaardino op die AJV.

KLOUSULE 16: KURSUSSE

Kursusse ter bevordering van die ruiterkuns en rykuns in belang van die NSV sal gereeld, maar minstens een maal per jaar, aangebied word.

KLOUSULE 17: KLEURE

17.1 'n Keurkomitee word jaarliks deur die Uitvoerende Komitee aangewys om spanne uit die lede van die NSV te kies soos in Klousule 4.7 bepaal.

17.2 Die Uitvoerende Komitee stel bestuurders en afrigters aan vir verteenwoordigende spanne soos in Klousule 4.7 bepaal, en dra hulle onderdskeie pligte aan hulle op.

17.3 Elke individuele lid van n span is verantwoordelik vir sy eie afrigting, n perd vir deelname en alle toerusting / uitrusting wat benodig mag word vir deelname.

17.4 Enige lid van n span aldus aangewys moet te alle tye beskikbaar wees vir deelname aan n kompetisie en sal slegs op grondige redes wat skriftelik aan die UK voorgele moet word, van deelname verskoon word.

17.5 Persone wat gekies word vir Nasionale spanne sal by die NSN vir Nasionale kleure aanbeveel word.

I 7.6 Erekleure vir diens en prestasie word deur die Uitvoerende Komitee toegeken na oorweging van nominasies wat in die verband ontvang is.

KLOUSULE 18: LEWENSLANGE ERELEDE

Die AJV kan lewenslange erelede aanwys uit nominasies wat betyds vir sodanige toekenning by die Sekretaris ingedien is, naamlik 21 dae voor die AJV.